

Swart Redelinghuys Nel & Partners

(Reg Nr. 1979/000569/21)

(Ingelyf) / (Incorporated)

PROKUREURS NOTARISSE AKTEVERVAARDIGERS EN STADSBEPLANNERS
ATTORNEYS NOTARIES CONVEYANCERS AND APPRAISERS

Ons/Ours Trynko Malan /WENDY

U/Yours

Tel: (011) 954-4000
Faks / Fax: (011) 954-4010
Voortrekkerweg / Road 245
Monument, Krugersdorp
Posbus / P O Box 297
Paardekraal, 1752
Docex 1 Krugersdorp
E Mail: wendy@swarenel.co.za
trynko@swarenel.co.za
Website: www.swarenel.co.za

18/10/2019

DR. NELIUS STEYN
(per e-pos neliussteyn@gmail.com)

AANKOOP VAN 'N GEDEELTE VAN DIE KERK SE GROND

Ons rig hierdie brief aan u in opdrag van ons klient, Prestige Park (Edms) Bpk, verteenwoordig deur Mnr Danie Paulis.

Ons verwys na die vergadering op 16 Oktober 2019 wat bygewoon is deur:

1. Dr N Steyn en Mev. S Steyn;
2. Ds. E. Horn en Mev. D Horn;
3. Mev. J Wolmarans en Mnr J Wolmarans;
4. Bernard van Techworld;
5. Mnr Danie Paulis;
6. Mnr Dean Else

Ons klient wil die eiendom suid van die kerk se eiendom in wooneenhede ontwikkel en die toegang van die ontwikkeling moet oor 'n gedeelte van die kerk se eiendom loop.

Ons klient wil 'n strook grond 16 meter wyd, ewerig aan die Suidelike grens van die kerk se eiendom, sowel as 'n driehoek aan die westelike grens, aankoop. Ons klient se voorstelle is soos volg:

1. Die Koopprys moet teen 'n markverwante prys vir plaasgrond wees wat vasgestel word deur 'n waardeerder waarop beide partye ooreenkom;
2. Die Koper sal al die koste verbonde aan die waardasie, onderverdeling, opstel van die landmeterskaart, oordrag van die eiendom en alle ander koste verbonde daaraan, dra;
3. Die Koper sal 'n grensmuur van semi-siersteen, 2,3 meter hoog, waarop 'n elektriseheining opgerig word, op sy eie onkoste bou voordat hy met die ontwikkeling begin;
4. Die Koper sal op sy eie onkoste gelyktydig met die bou van die muur, 'n nuwe dubbel motorhuis van siersteen vir die pastorie bou. Die sierstene wat gebruik word moet so na as moontlik aan die sierstene van die pastorie wees. Die Koper sal verskillende sierstene aan die kerk voorle en die kerk sal die stene wat gebruik moet word, kies. Sodra die nuwe motorhuis voltooi is sal die Koper op sy eie onkoste die bestaande

Direkteure/Directors: Jan Nel (BLur LLB LLM (Corporate Law) Dip Insolvencies Dip Labour Law (cum laude))
Trynko Joosten Malan (B Proc LLB)

Konsultante/Consultants: Sanet van Breda (B.Art et Scientiae (Town Planner) BA (Hons) MA (Economics) LLB LLM (Law of Contract))
Geraldine Joubert (LLB (cum laude) LLM (Consumer Law))
Professionele Assistent / Professional Assistant: Linda Conradie (LLB)
Kantoorbestuurder / Office Manager: Refilwe Tluli

motorhuis sloop en die bourommel verwyder. Die bestaande afdak aan die motorhuis word deur die Koper vervang met 'n zozo hut. Die kerk mag die posisie waar die zozo hut opgerig word, bepaal.

5. *Die grensmuur op die driehoek sal tenminste 1,5 meter vanaf die suidelike punt van die pastorie se stoep en plus minus 2 meter vanaf die noordelike punt van die stoep, opgerig word.*
6. *Die Koopprijs soos bepaal sal betaal word teen registrasie van die eiendom in die naam van die Koper. Die bou van die muur, bou van die nuwe motorhuis en sloop van die bestaande motorhuis sal plaasvind na registrasie van die grond in die naam van die Koper, behalwe as die partye anders ooreenkom.*
7. *Die bestaande lapa sal deur die Koper op sy eie onkoste vervang word met 'n soortgelyke lapa. Die koper sal poog om die boubokke van die bestaande lapa te herwin en weer te gebruik. Indien dit nie moontlik is nie, sal die nuwe lapa gebou word met semi-siersteen of met sementstene wat binne en buite geteel word. (Die kerk sal die semi-sierstene of die muurteels kies). Die nuwe lapa sal van 'n sementvloer voorsien word met vloerteels wat deur die kerk gekies mag word.*

Hierdie aankoop sal in totaal onderhewig wees aan die suksesvolle aankoop van die aangrensende eiendom wat ons klient in die proses is om aan te koop vir die ontwikkeling.

Ons heg hierby aan 'n afskrif van 'n sketsplan van die voorgestelde grond wat ons klient wil aankoop, aandui.

Ons verneem graag van u.

Groete


TRYNKO MALAN